
SAAM-PRAAT-PAPIER

# NABY-GOD-LEEF

Psa 84:1-12  Vir die koorleier: met musiek. Van die Koragiete. 'n Psalm. (84:2) Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!  (2)  (84:3) Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God.  (3)  (84:4) Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en my God!  (4)  (84:5) Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. Sela  (5)  (84:6) Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel toe gaan.  (6)  (84:7) Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge bring.  (7)  (84:8) Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle voor God in Sion verskyn.  (8)  (84:9) Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God van Jakob! Sela  (9)  (84:10) Sien tog om na die koning, ons beskermer, o God; hou u gesalfde onder u sorg.  (10)  (84:11) Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God.  (11)  (84:12) Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie.  (12)  (84:13) Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!



DIE FEES VAN NABY-GOD-WEES

1 VERLANGE NA NABY-GOD-WEES (VS 2,3)

2 SELFS DIE GERINGSTE IS WELKOM BY GOD (VS 4)

3 TUISKOMS IN GOD SE NABYHEID (VS 5)

4 GESEËNDE GEVOLGE VAN NABY-GOD-LEEF (VS 7)

5 NUWE KRAG BY GOD (VS 6,8)

SAAM-PRAAT:

1 Dink jy dat alle gelowiges ‘n verlange het om meer bewustelik vir God te beleef? Hoekom sê jy so ?

2 Watter troos hou vers 4 vir ons in ? Waarom?

3 Wat hoor jy in vs 5 oor naby God wees ? Bespreek die stelling: *tuiskoms by God is ‘n daaglikse ervaring vir kinders van God*

4 Hoe kan ons van ons “tranedal” ‘n fonteinlandskap maak? (vs 7)

5 Vs 8 sê God se mense ontvang op hul reis keer op keer nuwe krag. Waarvoor gee God ons krag in ons daaglikse lewe? Bespreek voorbeelde.